Jona (2)
Sondag 25 Maart 2007
Ds Freddie Schoeman

Ons het verlede week gesien dat ons in die boek Jona eintlik met *twee* verhale te doen het. Dis dieselfde Jona wat in beide verhale die hoofrol speel en dis dieselfde Nineve waarheen Jona gestuur word.

Die verhale begin ook dieselfde:

1:1 en 3:1

Nineve, soos ons ook laas week gesien, was die simbool van alles wat vreesaanjaend sleg en haatlik was. Nineve was die hoofstad van die Assiriërs, die groot vyande van die Israeliete. Die Assiriërs het verskeie kere in die geskiedenis Israel aangeval en dan die gruwelikste dade gepleeg waaraan 'n mens kan dink. Nineve was dus 'n bron van vrees en haat.

Die vrees het Jona die eerste keer toe die Here hom stuur na Nineve laat vlug – weg van die Here af. Hy was ongehoorsaam omdat hy bang was. Hy het nie kans gesien vir dit wat die Here van hom vra nie. Net so was die kerk ook deur die eeue en vandag nog, bang vir wat die Here van haar verwag. Daarom, onder andere, lyk die wêreld soos wat dit lyk.

Hierdie week staan ons stil by die tweede Jona verhaal – hoofstukke 3 en 4.

Net soos in die eerste verhaal, is die tweede verhaal ook vol humor en ironie, meesal ten koste van Jona. Maar wanneer ons vir Jona lag, dan kom ons weldra agter dat ons eintlik vir onsself lag!

Verse 1-3 …

In teenstelling met die eerste Jona, het Jona klaargemaak en gegáán. Hy oorkom die vrees – maar, soos ons later sal sien, nie die haat nie. In die eerste verhaal was hy ongehoorsaam weens vrees – en in die tweede verhaal, wel gehoorsaam, maar met haat in sy hart.

Ons stap saam met Jona na die groot stad Nineve. As jy regdeur die stad wil stap sal dit jou drie dae neem – so groot was die stad. Saam met Jona stap ons dag lank rond in die stad. En dan bring Jona sy boodskap: *Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!*

Hoe reageer die bevolking? Ons moet in gedagte hou dat die Nineviete nie die Here, die God van Israel ken, of dien of aanbid nie. Tweedens is dit 'n gehate Hebreër wat die boodskap bring. En derdens, die feit dat die Ass oorwinning op oorwinning oor die Israeliete behaal het, is tog 'n bewys dat hulle gode in alle geval groter en magtiger is as die God van Israel.

So hoekom sou hulle hulle aan Jona steur?

Ons lees hulle reaksie in verse 5.

Hier gebeur dit 'n tweede keer! Sonder dat Jona dit bedoel, sonder dat hy dit noodwendig wil hê, kom ongelowiges in groot getalle tot bekering! Eerste, die hele bemanning van die skip in die eerste verhaal. En nou, in die tweede verhaal: die inwoners van die groot stad Nineve! Jona word die suksesvolste profeet in die geskiedenis van Israel – sonder dat hy dit bedoel!

Ek dink die eerste lesers van die boek sou hulleself gekraak het. Op daardie stadium was die boek nog nie deel van die Bybel nie so hulle sou nie die boek so ernstig benader het soos ons nie! Maar hier het ons te doen met Hebreeuse humor op sy beste.

Jona, die ongehoorsame, onwillige, profeet, word die suksesvolste profeet – selfs die koning kom tot bekering! Vers 6 …

Veertig dae. Veertig is belangrik getal in die Bybel (Noag, volk in woestyn). Jesus in die woestyn. Lydenstyd is veertig dae. Vir veertig dae lank het die Nineviete letterlik in sak en as voor die Here gesit. Hulle het gevas en berou gehad oor hulle verkeerde dade. Ons moet vir onsself nogal die vraag afvra: as 'n heidense volk so kan reageer op die boodskap van die Here, wat dan van gelowiges? Of beskou ons onsself as beter as die heidene: 'n trappie heiliger, 'n trappie beter. Elke mens, ook elke gelowige, het nodig om van tyd tot tyd in sak en as voor die Here te sit, in diepe berou oor ons sondes. Dit is die doel van Lydenstyd en meer spesifiek, die doel van die Groot Lydensweek wat volgende Sondag begin.

Kom ons neem 'n bladsy uit die boek van die Nineviete. Laat die Groot Lydensweek nie maar sommer net by ons verbygaan nie. Kom ons gebruik dit as 'n geleentheid om in diepe berou voor die Here te kom en te beleef hoe Hy ons weer oprig en nuutmaak.

Vers 10 Toe God sien …

Was Jona bly oor sy sukses? Jona was nie bly nie. Inteendeel. Ons lees dat Jona hieroor baie ontevrede en baie kwaad geword het. Hoekom? Kom ons luister wat hy sê: *Ag, Here, ek het dit geweet ….*

Die storie met die komkommerplant …

Later sou dieselfde ontevredenheid en woede wat in Jona se hart was ook in die harte van sy nasate gestalte kry. Ons lees hiervan in Lukas 15:1 …

Die tollenaars en die sondaars het almal die gewoonte gehad om na Jesus te kom luister. Hierteen het die Fariseërs en die skrifgeleerdes beswaar gemaak en gesê: "Hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle."

Net soos Jona kwaad en ontevrede was oor God se genade vir die Nineviete, was die F + S's kwaad en ontevrede oor Jesus, die Seun van God, se liefde vir sondaars. Daar was baie konflik in Jesus se lewe – juis oor mense kwaad en ontevrede was oor God se genade; maar sy konflik was nooit met sondaars nie. Dit was altyd met of die F + S's of met sy eie dissipels, wat ook gesukkel het met God se liefde.

Jesus wou op 'n keer tuisgaan in 'n Samaritaanse dorp, maar die inwoners wou Hom nie blyplek gee nie. Toe Jakobus en Johannes dit hoor vra hulle toe vir Jesus: *Here, wil U hê ons moet vuur uit die hemel afroep om hulle te verteer?* Jesus het toe omgedraai en hulle skerp tereg gewys. (Luk 9:51-55)

Net so het die kerk deur die eeue heen gesukkel om God se genade te verstaan. Die kerk het dikwels in die geskiedenis 'n plek van veroordeling en verwerping geword in stede van 'n plek van heling en aanvaarding.

Vandag nog is dit een van die grootste dinge wat mense afsit van kerk.

Onlangse navorsing wat gedoen is onder kerklose mense het veral ses dinge na vore gebring waarom mense buite die kerk nie van die kerk hou nie. Dan Kimball het 'n boek geskryf hieroor met die titel: *I like Jesus … not the Church*. Ongelowige, buitekerklike mense hou van Jesus, maar hulle hou nie van die kerk nie. Hoekom?

Die navorsing wat gedoen is wys dat een van die grootste redes is dat die kerk veroordelend en negatief is.

Philip Yancey (*What's so Amazing about* Grace) vertel van 'n man wat straatwerk onder dwelmverslaafdes en straatvrouens gedoen het in een van die groot stede van Amerika. Hierdie man vertel dat 'n vrou een keer na hom te gekom het en haar verhaal aan hom vertel het. Nie net was sy self 'n prostituut nie, maar sy het ook haar dogtertjie van twee jaar aan mans uitverhuur om geld te kry vir dwelms. Uit die aard van die saak het sy met geweldige skuldgevoelens gesit. Dit het haar opgevreet.

Toe die man vir haar vra of sy al probeer het om by die kerk uit te kom vir hulp het sy woedend gereageer. "Die kerk!?", het gesê. "Hulle sal my net nog meer skuldig laat voel."

Hoekom is dit so dat dieselfde soort mense wat so tuis was by Jesus en soveel aanvaarding en liefde by Hom gekry het, so afgeskrik word deur die kerk? Die houding en die gesindheid van Jona is nog steeds baie sterk in die kerk.

Hoekom is die kerk in Suid-Afrika besig om te kwyn? Is dit nie dalk die rede nie?

Net soos met sy dissipels, sukkel Jesus vandag nog met sy kerk. Vandag nog moet Jesus sy kerk skerp teregwys, omdat hulle maar altyd vuur uit die hemel wil afroep.

Totdat ons nie besef dat die kerk 'n plek vir sondaars is nie, en dat die enigste toelatingsvereiste vir kerk die feit dat ons sondaars is wat God se genade nodig het nie, tot dan sal die Here steeds sukkel met die kerk.

Kom ons gebruik hierdie Lydenstyd om ons eie sonde voor die Here te kom bely – en kom ons vra dan die Here dat Hy 'n liefde in ons hart vir alle mense sal kom plant; veral diegene wat sy genade die nodigste het.